## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

7 Augustus 2014

Dagsê Almal

Vandag skryf ek nie nuusbrief nie maar ŉ dankgebed:

"Dankie Here vir al die kos, klere en ander lewensmiddele wat hierdie week hier afgelewer is,

Dankie Here vir Helpende Hand wat ons gister besoek en saam met ons opgewonde is oor die vordering met die groenteverwerking,

Dankie Here dat U ook mense gaan stuur wat vir ons die groentebestellings sal koordineer,

Dankie Here vir Gerrie wie se hart en hande oop is om vir ons die borduurmasjien plus ander items teen ŉ weggee prys te voorsien,

Dankie Here vir die krag wat U ons – my en Petro – gee om ons werk daagliks te kan doen,

Dankie Here dat ons van Maandag tot Donderdag ook U Woord kan verkondig aan almal wat hier is en wat swaarkry,

Dankie Here vir elkeen wat reeds en nog gaan kontant bydra sodat die huis instand gehou kan word,

Dankie Here dat U vir my iemand gaan stuur wat die plafon op die stoep kan insit – U ken my hart en weet hoe dringende behoefte dit is,

Dankie Here dat U ook sal voorsien in ŉ nuwe bussie omdat U weet hoeveel probleme die rooi Kombi tans gee – hy is oud en sukkel om by te bly met die vervoerkrisis – U weet ek bid elke keer wanneer ek hom aansit sodat ek nie iewers gaan staan met die ou en jongmense en kinders wat ek hospitaal toe moet neem nie, of 100 brode moet gaan haal Maandag en Donderdag nie, of op pad Woollies toe in Centurion nie, of lap moet gaan koop vir die gebedskussings nie.

Dankie Here vir elkeen wat ŉ gebedskussing vir homself of familie en vriende koop en daardeur die werkskepping ondersteun,

Dankie Here vir elkeen wat ook hierheen kom om Bybelstudie aan ons "gesin" te bedien,

Dankie Here dat U sigbaar in elkeen wat hier is se lewens werk en dat hul besef dat by U niks onmoontlik is nie,

Dankie Here dat U so getrou vir ons daagliks ons "brood" met liefde gee. Amen."

Ek kan nog vir ure aanhou bid want die seeninge hou nooit op nie. Ons het op ŉ wonderbaarlike manier nie eens die aardbewing gevoel nie terwyl almal om ons praat van die geweldige skudding. Is dit omdat Hy ons so beskerm? Ja beslis.

Ek sal die bestelvorm vir die groente Maandag beskikbaar maak aangesien ek en Petro net die finale prysstruktuur wil vasmaak. Dit sal op ons webblad(www.eljadahuis.weebly.co.za) asook elektronies(eljadahuis@mweb.co.za) beskikbaar wees. Stap asseblief hierdie pad saam met ons – kristiseer of komplimenteer na hartelus want so weet ons of ons die regte ding doen of kan verbeter. Baie dankie by voorbaat.

Ons benodig steeds skerp groentemesse en skillertjies asook lekker groot bake en skottels asook asblikke en kratte vir die projek.

Sodra die stoep voltooi is en die naaldwerk kan uitbrei sal ons drasakke vir die groente en pragtige voorskote beskikbaar hê. Spasie is die groot probleem.

Eljada Huis groete.

Annatjie – 072 855 8289

Petro - 0760571650

***Bankbesonderhede***

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***U kan nou ŉ debietorder teken wat gekoppel is aan ŉ leefstylprogram wat ook vir u waardevol kan wees. Kontak my gerus.***

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

- **KOS – BAIE GROOT NOOD.**
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly.**
- **WARMGOED – KOMBERSE EN BAADJIES**
- **Plastiese sakke en bakke, bottles.**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek.**
- **Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe.**
- **Plastiese tafeldoeke.**
- **Groot tafels.**
- **Bydrae om brille te laat maak x 3 x R480.**